GOVAN MBEKI
*The struggle for liberation in South Africa: A short history*
UWS Mayibuye History Series 13
Cape Town: David Philip
1992
Prys onvermeld
ISBN 0-86486-178-8

Swart nasionalistiese verset teen blanke regerings in die twintigste eeuse Suid-Afrika het omvangryke afmetings aangeneem. Die bevrydingstryd het eers in die negentigerjare van 'n gewelddadige konflik na 'n burgerlike woordestryd en daarna na 'n onderhandelde skikking oorgeskakel. Een van die prosesse in die ontwikkelingsgang wat tot op hede nog nie na behore verstaan word nie, is die oorskakeling van burgerlike politieke aktiwiteite in die dertigerjare na nasionalistiese militêre stryd in die sestigerjare.

Dit kan eendersyds histories verklaar word teen die agtergrond van die besef dat die tydperk na afloop van die Tweede Wêreldoorlog saamgehang het met verselfstandiging van Afrika. Andersyds moet erken word dat die unieke ontwikkelingsgang van swart nasionalisme in Suid-Afrika in die dertigerjare gestalte aangeneem het en riglyne daargestel het vir die werkswyse waarvolgens bevryding moes plaasvind.

Die werk van die veteraanleier, Govan Mbeki van die African National Congress (ANC) is 'n besonder waardevolle bron in die beligting van die ANC se aktiwiteite tussen die dertiger- en vroeë sestigerjare in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Mnr. Mbeki, vader van die vise-staatspresident, mnr. Thabo Mbeki, is 'n ervare joernalis wat ook soos duidelik blyk uit die geskrif, baie ure aan die formulering van beleid en strategie vir die ANC gekonsentreer het. Hy belig op 'n heel unieke wyse sekere historiese gebeure wat diep spore in die geskiedenis van die organisasie nagelaat het.

In die eerste gedeelte van die werk word 'n oorsigtelike geskiedenis gegee van die ontstaan van die ANC en die oorskakeling na 'n meer gedetermineerde verset teen die blanke owerheid. Die verhaaltrant is nie streng chronologies nie, en kort-kort word weggebreek om buite-kontekstuele interpretasies van omstandighede te gee. Dit is egter wanneer daar begin word met 'n beskrywing van die ANC se aktiwiteite in die dertigerjare in die Oos-Kaap, dat die verhaal 'n interessante wending neem.

Daar is detailbeskrywings hoe daar op die plaaslike vlak te werk gegaan is om mense in die townships agter die beweging te laat inval. Die indruk ontstaan dat mnr. Mbeki nogal 'n formidabele leier op sy dag was.

Die skepping van die Jeugliga van die ANC was opsigself 'n seminale gebeurtenis in die geskiedenis van die ANC. Mbeki gee 'n aanduiding van die rol wat die jeugdiges gespeel het en die wyse waarop die ouer garde leiers toenemend onder druk geplaas is om meer militant te word. Die samewerking met die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, die daarstelling van die Congress of Democrats (COD) en die gebeure wat op die aanvaarding van die *Freedom Charter* in 1956 uitgeloop het, word boeiend beskryf.

'n Belangrike bespreking word ook afgestaan aan die Afrikaniste en die gepaardgaande ideologiese stryd in die binnekringe van die ANC. Uiteidnelik sou dit uitloop op die totstandkoming van die Pan Africanist Congress (PAC). Die skrywer gee 'n kredietwaardige uiteensetting oor waarom die ANC-leiding die afsplintering van die Afrikaniste toegelaat het. In 'n groot mate was dit 'n poging om ekstremistiese chauvenisme die hoof te bied. Daar was ook, suggereer die skrywer, 'n poging om weg te breek van die eksklusiwiteit van intellektuele leierskap na 'n breër populêre magsbasis.

In die laaste gedeelte van die werk — die epiloog — is dit duidelik dat die snel rigting wat die Suid-Afrikaanse regering aan die begin van die jare negentig ingeslaan het, 'n persoon soos Mbeki ietwat onkant gevang het. Hy was steeds sinies en krities en waarsku dat gewaak moet word teen pogings deur die blanke regering om nasionalistiese leiers met die spreekwoordelike slap riem te vang.

By die lees van die werk kom die leser onder die indruk dat in die geval van 'n verbete nasionalistiese vryheidsvegter gegaan het oor die wyse waarop mense van kleur van politieke regte weerhou is. Om verstaanbare redes is mense in leiersposisies, soos onder andere Mbeki, se menswaardigheid deur hierdie toedrag van sake geraak. Frustrasies en die gebrek aan belangstelling aan die kant van die blanke owerheid om na die belange van swart mense om te sien, het 'n vervreemding tussen die regering en sy swart onderdane laat ontstaan.

Die verset van die ANC was sedert die begin tot in die dertigerjare gekenmerk deur 'n landelike karakter. Dit het gegaan oor grond, die bevrediging van landelike behoeftes en die bepaling van die statusposisies van tradisionele leiers in die reservate. Vanaf die dertigerjare het die politieke opposisie toenemend 'n stedelike karakter aangeneem. Die verset van die vyftigerjare was, volgens Mbeki, een wat uniek was in die bevrydingsgeskiedenis van Afrika, in dié sin dat die inisiatief deur die stedelike werkersklas geneem is. Voortaan sou die landelike leiers en hulle volgelinge bloot op die instruksies uit die stedelike sentra reageer.

Daar is heelwat pitkos in hierdie werk. Sekere feite behoort met omsigtigheid geinterpreteer te word. Hier word gedink aan veral die breë skets van gebeure wat die ontwikkelinge van die dertigerjare voorafgaan. Wanneer daar verby sekere sterk nasionalistiese uitsprake gekyk word, het *The struggle for liberation* bepaalde meriete. Sommige stellings is omstrede. Ander is ongeloofwaardig. Baie stellings bevat ook groot waarhede wat historici oor die twintigste eeuse Suid-Afrika lank aan die dink en interpreteer sal hou.

JOHANN W.N. TEMPELHOFF
*Universiteit van die Noorde*